



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VISUELE KUNSTE

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2021

Hierdie riglyne bestaan uit 22 bladsye.

INHOUD

	Bladsy
HOOFSTUK 1: OORSIG	
1.1 Inleiding	3
1.2 Doelstellings	3
HOOFSTUK 2: ASSESSERING	
2.1 Assesseringsdoelwitte	4
2.2 Oorsig van Onderwerpe	4
2.3 Formele Assessering vir Graad 12	5
2.4 Skoolgebaseerde Assessering (SGA)	6
2.5 Kognitiewe Vlakke	6
2.6 Eksterne Eksamens	7
HOOFSTUK 3: VAKINHOUD	
3.1 PAT (Retrospektiewe Uitstalling)	8
3.2 Vraestel 1: Visuele Kultuurstudies (Onderwerp 3)	10
3.3 Vraestel 2: Prakties (Onderwerp 1 en 2)	13
HOOFSTUK 4: ALGEMENE VAKINLIGTING	
4.1 Verduideliking van Terminologie	19
4.2 Bronne	20
HOOFSTUK 5: ALGEMENE RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER	
5.1 Vraestel 1 (Onderwerp 3)	21
5.2 Vraestel 2 (Onderwerp 1 en 2)	21
HOOFSTUK 6: SLOT	22

HOOFSTUK 1: OORSIG

1.1 Inleiding

Die *Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV)* vir Visuele Kunste beskryf die aard en doel van die vak Visuele Kunste. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in Visuele Kunste geassesseer gaan word
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doeltreffend vir die eksamens voor te berei

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

- Die *Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV): Visuele Kunste en Aangepaste Hoofstuk 4: KABV*
- Die *Nasionale Protokol vir Assessering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Die nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die *Nasionale Kurrikulumstelling, graad R–12*

1.2 Doelstellings

Graad 12 Visuele Kunste-leerders beoog om:

- Kreatiewe idees, in reaksie op beide ekstern opgestelde en selfontwikkelde projekte, aan die hand van eie ondervindinge en eie kennis van visuele kulture van die verlede en die hede, te verken, te ontwikkel en te verwesentlik
- Materiaal, tegnieke, prosesse en tegnologie met die vervaardiging van verbeeldingryke en innoverende kunswerke van persoonlike uitdrukking te verken en te manipuleer
- Materiaal, prosesse en tegnieke op 'n doeltreffende, ekonomiese, veilige en verantwoordelike manier te verken
- Hulle eie werkproses te bestuur
- Kunsvorms, prosesse en produkte waar te neem, te assesseer en te analiseer
- Met gebruik van visuele, mondelinge en geskrewe taalvaardighede doeltreffend te kommunikeer
- Hulle eie werk en die werk van ander krities te beoordeel
- Entrepreneursvaardighede en professionele praktyk in kuns te ontwikkel om 'n verskeidenheid loopbaanopsies te verken
- Aan die diversiteit van kunste-tradisies in internasionale en Suid-Afrikaanse kontekste blootgestel te word en dit as 'n hulpbron te gebruik
- Die kritiese rol te waardeer wat visuele kunste in die verryking van die visuele omgewing van die skool en omgewing speel
- Die skakels tussen visuele kunste en die kreatiewe nywerhede, soos ontwerp en reklame, te verstaan
- Die sosiale en geskiedkundige rol van visuele kunste in die herskepping van gemeenskappe te verstaan

HOOFSTUK 2: ASSESSERING**2.1 Assesseringsdoelwitte**

Soos in die KABV-dokument uiteengesit, is assessering bedoel om:

- Die onderwyser in staat te stel om 'n leerder se vordering betroubaar te beoordeel
- Leerders oor hulle sterk punte, swak punte en vordering in te lig
- Onderwysers, ouers en ander belanghebbendes te help om besluite oor die leerproses en vordering van die leerders te maak

2.2 Oorsig van Onderwerpe

Onderwerp 1: Konseptualisering deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees	
12	<p>Ontwikkelingsproses:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pas verskillende benaderings onafhanklik toe om idees vir die formulering van 'n projek-opdrag te ontwikkel • Krities betrokke by eie ondervinding van die wêreld deur die ontdekking, manipulasie en interpretasie van tekens en simbole uit die breër visuele kultuur verkry <p>Verwesenliking van 'n konsep:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Los 'n reeks visuele en konseptuele probleme onafhanklik op, en werk in die rigting van die ontwikkeling van 'n persoonlike visuele taal • Dokumenteer en evalueer die proses van konseptuele ontwikkeling krities
Onderwerp 2: Maak kreatiewe kunswerke, bestuur proses en aanbieding, veilige praktyk	
12	<p>Maak van kunswerke:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kies die materiaal, gereedskap, tegnieke, temas en prosesse wat die geskikste is vir die gekose kuns- of kunsvlytvorm • Toon 'n gevorderde mate van tegniese vaardigheid in, en kennis oor, 'n reeks materiaal, tegnieke, prosesse en toerusting wat met die gekose kuns- of kunsvlytvorm verband hou • Dokumenteer en evalueer eie kreatiewe proses en kunswerke, en kies werke wat die geskikste is om by die portefeulje in te sluit • Kunswerke moet met die opdrag verband hou • Skep en transformeer/herskep visuele beelde deur beide nuwe en tradisionele tegnologieë te gebruik <p>Bestuur/Beheer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skep 'n samehangende groep werke wat konkrete bewys lewer van die konseptualiseringsproses en die maak van die kunswerk • Beplan, bestuur en voltooi spesifieke take en projekte binne die aangeduide tyd-, ruimte- en hulpbronbeperkings <p>Aanbieding:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vertoon, stal uit of bied eie werk op 'n manier aan wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk en komplementeer <p>Veilige praktyk:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toon en bevorder die veilige gebruik van toerusting, materiaal en tegnologie in 'n groepwerkkonteks
Onderwerp 3: Visuele Kultuurstudies: klem op visuele geletterdheid	
12	<p>(VYF van die AGT voorgeskrewe temas)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toon kritiese analitiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns binne geskiedkundige en kulturele kontekste uit vele bronne • Toon begrip van die geskiedkundige konteks en stilistiese evolusie van 'n versameling skone kuns-, toegepaste kuns- en kunsvlytvorms • Doen onafhanklik navorsing oor geleenthede wat die verhouding beskryf tussen kennis en vaardighede, soos deur Visuele Kunste en post-VOO-onderrig opgedoen • Uitstappie om loopbaan- en tersiêre geleenthede in Visuele Kunste te ondersoek • Gebruik toepaslike terminologie rakende alle terreine van kunsteorie om kunswerke, kunsvlyt en toegepaste kunsvorms, beide verbaal en skriftelik, te beskryf en te bespreek • Evalueer die doeltreffendheid van eie en ander se navorsing, kreatiewe prosesse en kunsprodukte

2.3 Formele Assessering vir Graad 12

FORMELE ASSESSERING VISUELE KUNSTE			
INTERN	EKSTERN		
SGA	PAT-UITSTALLING	PRAKTIESE EKSAMEN	TEORIE-EKSAMEN
25%	25%	25%	25%
100 punte	100 punte	100 punte	100 punte
TOTAAL 400 PUNTE			

Aan die einde van graad 12 sal 'n Visuele Kunste-leerder t.o.v. die volgende nagesien word:

- **SGA-punt:** rou punte en totale vir assesseringstake vanaf Kwartaal 1 tot Kwartaal 3 en verwerk na 100
- **PAT (retrospektiewe uitstalling):** minimum van 2 kunswerke + 1 tot 2 werke van graad 11) – 100
- **Praktiese eksamen:** bronboek en kunswerk, ekstern opgestel en nagesien – 100
- **Teorie-eksamen:** ekstern opgestel en nagesien – 100

JAARPROGRAM VAN ASSESSERING VIR VISUELE KUNSTE – GRAAD 12			
SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING 25%			EKSAMEN 75%
150 punte + 100 punte + 100 punte = 350 verwerk na 100 punte (SGA)			
KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
150 punte	100 punte	100 punte	200 punte
TAAK 1 TEORIETOETS (summatiewe assessering) 50 punte	TAAK 3 KONSEPTUALISERING Onderwerp 1 (formatiewe assessering) 100 punte	TAAK 4 PROEFEKSAMEN (summatiewe assessering) 100 punte	TAAK 6 EINDEKSAMEN V1 TEORIE-EKSAMEN (summatiewe assessering) 100 punte
TAAK 2 KONSEPTUALISERING Onderwerp 1 (formatiewe assessering) 100 punte		TAAK 6 EINDEKSAMEN V2 KONSEPTUALISERING (summatiewe assessering) 50 punte	TAAK 6 EINDEKSAMEN V2 KUNSWERK (summatiewe assessering) 50 punt)
TAAK 5 PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (PAT) (Deurlopende assessering van Kwartaal 1 tot Kwartaal 2)			
KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
KUNSWERK 1 Onderwerp 2 (formatiewe assessering) 100 punte	KUNSWERK 2 Onderwerp 2 (formatiewe assessering) 100 punte	PAT: UITSTALLING (summatiewe assessering) 100 punte	
25%	25%	50%	
Intern geassesseerde kunswerk (Kwartaal 1 + 2) 50 punte		PROSES en UITSTALLING 50 punte	
100%			
100 punte (SGA) + 100 punte (PAT) + 100 punte (PRAKTIESE EKSAMEN) + 100 punte (TEORIE-EKSAMEN) = 400 TOTALE PUNTE			

Raadpleeg die **RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE** vir meer inligting.

2.4 Skoolgebaseerde Assessering (SGA)

Alle SGA-take moet intern gemodereer word. Provinsiale en nasionale moderering sal deur die Nasionale Departement van Basiese Onderwys (DBE) en/of die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente (POD's) gedoen word. Hierdie proses sal deur die provinsiale onderwysdepartemente bestuur word. Die SGA-punt sal uit Taak 1, 2, 3 en 4 bestaan.

KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3
150 PUNTE	100 PUNTE	100 PUNTE
TAAK 1 TEORIETOETS 50 punte	TAAK 3 KONSEPTUALISERING Onderwerp 1 100 punte	TAAK 4 TEORIE-PROEFEKSAMEN 100 punte
TAAK 2 KONSEPTUALISERING Onderwerp 1 100 punte		
TOTAAL = 350 verwerk na 'n punt uit 100		

2.5 Kognitiewe Vlakke

- Alle toetse en eksamens moet die volgende reeks kognitiewe vlakke volg. Vrae sal verskillende moeilikheidsgrade hê – maklik, medium en moeilik.
- Aangesien leerders 'n keuse van vrae in die Proefeksamens en Finale Eksamen het, moet elke vraag aan die reeks kognitiewe vlakke voldoen.

KOGNITIEWE VLAKKE	PERSENTASIE
Laer orde: kennis	30
Middel-orde: begrip en toepassing	40
Hoër orde: analise/ontleed, evaluering en sintese	30

Verduideliking van kognitiewe vlakke: Bloom se Taksonomie

KENNIS	BEGRIP	TOEPASSING
vertel, maak 'n lys, skryf, vind, beskryf, noem, spoor op, ens.	verduidelik, interpreteer, bespreek, onderskei, beskryf in breë trekke, ens.	los op, toon, gebruik, illustreer, klassifiseer, konstrueer, ondersoek, ens.
ANALISE	SINTESE	EVALUERING
ontleed, vergelyk, ondersoek, kategoriseer, identifiseer, verduidelik, ens.	skep, bedink, beplan, voorspel, ontwerp, stel voor, formuleer, ens.	beoordeel, besluit, regverdig/motiveer, debatteer, beveel aan, prioritiseer, beredeneer, ens.

Bloom se Hersiene Taksonomie

BLOOM SE TAKSONOMIE	BLOOM SE HERSIENE TAKSONOMIE
Evaluering – hoër orde	Skepping – hoër orde
Sintese – hoër orde	Evaluering – hoër orde
Analise – middel-orde	Analiseer – middel-orde
Toepassing – middel-orde	Toepas – middel-orde
Begrip – middel-orde	Begryp – middel-orde
Kennis – laer orde	Onthou – laer orde

Toetse en eksamens wat intern opgestel word

- 'n Toets vir formele assessering moet nie uit 'n reeks klein toetse bestaan nie. Dit moet 'n aansienlike hoeveelheid inhoud dek en 45 tot 60 minute lank wees.
- Elke toets en eksamen moet uit 'n reeks kognitiewe vlakke bestaan en moet ook paragraaf-tipe antwoorde insluit.
- Daar word aanbeveel dat dieselfde formaat gebruik word in die eksamens wat intern opgestel word as in die finale Graad 12 einde-van-die-jaar-teorie-eksamen.
- Vrae moet ongesiene visuele beelde insluit om leerders se visuele-analise-vaardighede te toets. Hierdie beelde moet met die leerders se studietema verband hou, bv. tematies of stilisties, asook werke/bewegings wat hulle bestudeer het.
- Maak seker dat genoeg of meer feite by elke vraag in die nasienriglyne ingesluit word om 'n behoorlike instrument vir nasien en toekomstige onderrig te word.

2.6 Eksterne Eksamens

Alle Visuele Kunste-kandidate moet die PAT Retrospektiewe Uitstalling voltooi – TAAK 5:

PAT	Tipe vraestel	Totaal	Datum	Nasien
	Prakties in die vorm van 'n uitstalling	100	September/Oktober	Ekstern

Alle Visuele Kunste-kandidate sal TWEE eksterne vraestelle voltooi, soos voorgeskryf:

Vraestel	Tipe vraestel	Tydsduur	Totaal	Datum	Nasien
1	Teorie	3 uur	100	Oktober/November	Ekstern
2	Prakties	Maksimum 24 uur	100	Oktober/November	Ekstern

HOOFSTUK 3: VAKINHOUD

3.1 PAT (Retrospektiewe Uitstalling)

Onderwerp 2: Die Maak van Kunswerke

Volgens die KABV moet graad 12-leerders hul eie werk vertoon, uitstal of aanbied op 'n manier wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk en komplementeer.

- Aan die einde van die jaar moet leerders 'n PAT-uitstalling van hulle werk as deel van hulle eksamenpunt aanbied.
- Hierdie uitstalling toon wesenlike bewyse van die leerders se Visuele Kunste-konseptualisering, tegniese vaardighede en kennis wat mettertyd in die graad ontwikkel het. Dit vertoon die leerders se praktiese ontwikkeling in die aanbieding van 'n groep werke soortgelyk aan 'n klein eenmansuitstalling.
- Die kunswerke (Onderwerp 2) van die twee praktiese take is verpligtend en minimum vereistes. Een of twee graad 11-kunswerke moet ingesluit word om ontwikkeling en progressie te toon.
- Aangesien die aard van die vak kreatiwiteit en selfuitdrukking is, **mag leerders nie ingeperk word deur die minimum vereistes nie, maar toegelaat word om meer werke te doen wat verband hou met die twee temas wat hulle ondersoek het. Selfuitdrukking en individualiteit van leerders moet in hierdie uitstalling aangemoedig word.**
- Graad 12-leerders moet die geleentheid gebruik om hulle praktiese werk verder te ontwikkel en uit te brei na 'n samehangende en holistiese groep werke wat in die konteks van 'n uitstallingsomgewing gesien word. Daarom kan leerders meer werke uitstal wat bewys lewer van hierdie proses, bv. werk wat op hul eie gedoen is en/of die uitbreiding van hulle temas in meer kunswerke.
- Die bronboek(e), alhoewel dit reeds geassesseer is, moet vertoon word om die ontwikkeling na die finale kunswerk(e) te toon.
- Hierdie groep kunswerke sal holisties geassesseer word.

Kontrolelys vir die uitstalling

- Graad 12: Die kunswerke (Onderwerp 2) van die twee praktiese take is VERPLIGTEND.
- Een of twee graad 11-kunswerke moet ingesluit word om ontwikkeling en progressie te toon.
- Leerders het die geleentheid om hul praktiese werk verder te ontwikkel en uit te brei na 'n samehangende en holistiese groep werke wat in die konteks van 'n uitstallingsomgewing gesien word. Daarom kan **leerders meer werke uitstal wat bewys lewer van hierdie proses**, bv. werk wat op hul eie gedoen is.
- Die bronboek(e), alhoewel dit reeds geassesseer is, moet vertoon word.

Aanbieding

- Onderwysers moet die ruimte vir die uitstalling verskaf, bv. die skoolsaal of kunsklas OF dit kan 'n aanlyn aanbieding wees soos deur die POD besluit is.
- Onderwysers moet leerders bewus maak van die belangrikheid van die aanbieding van hul werk en riglyne verskaf vir 'n netjiese, professionele uitstalling.
- Leerders moet self hul uitstallings beplan en uitvoer.
- Dit is onnodig om werke te raam, maar in baie gevalle sal eenvoudige montering die werk versterk.
- Leerders moet hulle daarvan weerhou om rekwisiete, bykomstighede, ens. te gebruik. Die uitstalling moet 'n bewustheid van professionele uitstallingspraktyke toon.
- As rekenaars nodig is om digitale werk te toon, moet onderwysers seker maak dat die rekenaars werk en dat hulle die wagwoorde ken.

Assessering

Die volgende is 'n riglyn van aspekte wat tot die finale geldige punt sal lei:

- Algehele vordering en ontwikkeling van die leerder tot onafhanklike en individuele oplossings
- Kreatiwiteit en oorspronklikheid
- Tegniese vaardighede
- Persoonlike betrokkenheid en uitdrukking in die proses en finale werke
- Bewyse in die bronboek: konseptualisering, ondersoek en eksperimentering van media, tegnieke, style, ens. Voldoende verkenning van teken.
- Volpunte kan nie toegeken word as alle vereiste kunswerke nie aangebied word nie. Punte moet aangepas word volgens die werke wat aangebied word.
- Die beskrywende rubriek, Assesseringskriteria vir Praktiese Werk, moet gebruik word om standaardisering te verseker.

Assesseringskriteria

Hierdie groep kunswerke sal holisties geassesseer word.

KRITERIA
Algehele indruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering: Ontwikkeling van nuwe en unieke antwoorde/oplossings
Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke: Gesiktheid van materiaal en tegnieke volgens die konsep; veiligheid en bestuurbaarheid; tegniese vaardighede getoon
Gebruik van formele kunselemente: Die belangrikheid van elemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, verhouding en komposisie
Interpretasie en praktiese implementering van tema(s): 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema; eksperimentering; hantering van nuwe uitdagings
Voltooiing en aanbieding van kunswerk: Aandag aan detail; taak binne tydsduur voltooi; aanbieding volgens taak
Kuratorskap (Aanbieding) van uitstalling: Professionaliteit; duidelik, ens.
TOTAAL: 100

- Nasien moet volgens die DBE-rubrieke deur 'n paneel (mede-onderwysers of aangestelde paneel) gedoen word.
- Alle leerders moet individueel gemodereer word, m.a.w. moderering van aangesig tot aangesig of aanlyn, om die proses, produkte en punte te verifieer. Hierdie moderering moet deur provinsiale beamptes en/of persone aangestel deur die provinsie, gedoen word.
- Die provinsiale onderwysdepartement bestuur hierdie proses.

3.2 Vraestel 1: Visuele Kultuurstudies (Onderwerp 3)

- Die geskrewe teorie-eksamen word deur die DBE opgestel oor die aangewese inhoud wat deur die jaar onderrig is. Slegs graad 12-inhoud sal geassesseer word. Kennis van graad 10 en 11 kan egter nodig wees om sommige van die vrae te interpreteer en te beantwoord.
- Die tydsduur vir hierdie vraestel is 3 uur.
- Die vraestel sal uit agt vrae bestaan. Die leerder moet VYF vrae, wat handel oor wat hulle in graad 12 bestudeer het, kies om te beantwoord.
- Elke vraag sal 20 punte tel met 'n totaal van 100 vir die vraestel.
- Vrae verskyn op die linkerkantste bladsye, met visuele bronne in kleur op die regterkantste bladsye.
- Alle vrae moet in opstelformaat beantwoord word, met gebruik van volsinne en paragrawe volgens die instruksies vir elke vraag. Lyste met feite sal swaar gepeenaliseer word.
- Vrae sal uit korter en langer opsteltipe vrae bestaan.
- Vrae sal bestaan uit visuele gelettertheid en inhoud wat bestudeer is.
- Die eksamen word ekstern geassesseer en word provinsiaal en nasionaal gemodereer.
- Die eksamen word volgens nasionale nasienriglyne geassesseer.

Die puntetoekenning vir die graad 12 November Teorie-eksamen word hieronder getoon.

	GRAAD 12	
	Leerders moet enige VYF vrae beantwoord.	
VRAAG 1	Die stem van opkomende kunstenaars	20
VRAAG 2	Suid-Afrikaanse kunstenaars beïnvloed deur Afrika- en/of inheemse kunsvorms	20
VRAAG 3	Sosio-politieke kuns – weerstandskuns van die 1970's en 1980's ingesluit	20
VRAAG 4	Kuns, kunsvlyt en geestelike werke hoofsaaklik uit landelike Suid-Afrika	20
VRAAG 5	Multimedia en nuwe media – alternatiewe kontemporêre en populêre kunsvorme in Suid-Afrika	20
VRAAG 6	Demokratiese identiteit in Suid-Afrika ná 1994	20
VRAAG 7	Geslagskwessies: manlikheid en vroulikheid	20
VRAAG 8	Argitektuur in Suid-Afrika	20

Riglyne:

- Leerders moet 'n minimum van **VYF uit agt temas bestudeer**.
- Die leerders moet met konsepte wat verband hou met internasionale en Suid-Afrikaanse kuns vertrou wees, en moet dit kan toepas. Hulle moet 'n duidelike, gebalanseerde begrip en kennis hê van tradisionele internasionale kunsbewegings en die betekenis van opkomende plaaslike style deur terme/begrippe, soos weerstandskuns, propagandakuns, aanwending/toe-eiening, die 'afgeskepte tradisie', ens.
- Leerders moet bewus gemaak word van problematiese terminologie, kwessies, aannames en vooroordele met betrekking tot die kuns wat hulle bestudeer.
- Ten minste twee kunstenaars (of argitekte) moet in elke tema gekies, bestudeer word met 'n minimum van twee werke deur elke kunstenaar (of argitek).
- Die eksamenpaneel het kennis geneem van die groot verskeidenheid bronne beskikbaar, deur breë vrae op te stel sodat leerders hulle kennis op 'n relevante wyse kan kies en gebruik, hulle interpretasies/vertolkings en menings/opinies kan regverdig/motiveer of probleme kan oplos deur toegepaste kennis en kenniskonstruksie.
- Visuele geletterdheid is onderliggend aan die studie van al die temas, daarom moet die bestudering van spesifieke kunswerke gebruik word om die geskiedkundige, politieke, sosiale en/of ekonomiese agtergrond van beskawings/style/bewegings en individuele kunstenaars te verduidelik.
- Tydens die bestudering van kunswerke moet die klem op die volgende geplaas word:
 - Terminologie oor visuele geletterdheid – hoe kunselemente help om betekenis en boodskap oor te dra
 - Materiaal en tegnieke
 - Verskillende style, soos naturalisme, ekspressionisme, geabstraheerde werke, stilering, ens.
 - Funksie van die werk
 - Kontekstuele faktore
 - Idees, betekenis en boodskap
- Leerders moet aan alle kunsvorms blootgestel word, soos tweedimensionele kuns (skilder, teken, drukwerk, ens.), driedimensionele kuns (beeldhouwerk, ens.), argitektuur en toegepaste kuns/kunsvlyt (funksionele voorwerpe in 'n skonekunste-konteks).
- Alhoewel 'n diepgaande studie van spesifieke kunswerke in elke tema gemaak moet word, behoort leerders aan 'n wye reeks voorbeelde van elke tema blootgestel te word om kuns as visuele kommunikasie te illustreer.
- Aangesien die fokus in graad 12 hoofsaaklik op Suid-Afrikaanse kuns is, moet onderwysers, waar moontlik, temas met leerders se gemeenskappe in verband bring.

Assessering van die leerder se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer:

PRESTASIE-KODE	ONDERWERP 3: VISUELE KULTUURSTUDIES	✓
7 Uitstekend 80–100%	Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings.	
6 Verdiensielik 70–79%	Demonstreer 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon uitstekende insig en begrip.	
5 Substansiëel 60–69%	Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n goeie vlak van insig en begrip.	
4 Gemiddeld 50–59%	Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip.	
3 Bevredigend 40–49%	Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip.	
2 Elementêr 30–39%	Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip.	
1 Nie behaal nie 0–29%	Demonstreer min of geen vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon min of geen begrip of insig nie.	

3.3 Vraestel 2: Praktiese Eksamen (Onderwerpe 1 en 2)

Die eksamenvraestel bestaan uit **ONDERWERP 1** (Bronboek) en **ONDERWERP 2** (Kunswerk).

TYD:

Onderwerp 1: Konseptualisering by die skool en/of tuis gedurende Kwartaal 3.

Onderwerp 2: Finale kunswerk onder gekontroleerde toestande slegs by skool vir 'n maksimum van 24 ure.

UITDEEL: Sal deur die DBE bepaal word.

SPERDATUM: Sal deur die DBE bepaal word.

- Die praktiese eksamen word deur die nasionale DBE opgestel.
- **LET WEL:** Die maksimum tydsduur vir die hele praktiese eksamenproses sal op die nasionale praktiese vraestel (Vraestel 2) aangedui word.
- Die tema sal 'n breë, oop tema wees om voorsiening te maak vir diverse oplossings in die verskillende spesialisasiedissiplines.
- Gespesialiseerde opsies sluit in teken, skilder, beeldhouwerk, drukkuns, multimediewerk, fotografie, keramiekwerk, installasies, nuwemedia-werk, ens.
- Aangesien Onderwerp 1 (Konseptualisering) dieselfde gewig as Onderwerp 2 (Die kunswerk) het, moet genoeg tyd daaraan bestee word om die belangrikheid daarvan te erken.
- Die onderwyser kan by die voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees. As gevolg van die voorbereidende aard van Onderwerp 1, mag leerders ook by die huis werk.
- Alle Onderwerp 1-werk moet voltooi en gereed wees voor die aanvang van die Onderwerp 2-eksamenwerk. Leerders mag die Onderwerp 1-bronboek as verwysingspunt tydens hul Onderwerp 2-eksamen gebruik. Beide Onderwerp 1- en Onderwerp 2-eksamenwerk moet onmiddellik nadat die Onderwerp 2-eksamen voltooi is, by die eksamenbeampte/onderwyser ingelewer word. Hierdie datum sal in 'n amptelike brief deur elke provinsie bepaal word.
- Die onderwyser mag NIE die kandidaat OP ENIGE WYSE tydens die finale produksie van die kunswerk (Onderwerp 2) help NIE.
- Onderwerp 2 moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd gedoen word, bv. tydens vier opeenvolgende dae van ses uur elk. Die keuse van eksamentydingeling of -opsies moet in elke skool onderhandel word.
- Onderwerp 2 moet by die leerder se eksamensentrum of geregistreerde kunssentrum gedoen word, onder die toesig van die skoolonderwyser. Onderwerp 2-werk mag NIE tuis gedoen word NIE en mag NIE die eksamenlokaal verlaat NIE.
- Elke provinsie sal die nasienproses van Onderwerp 1 (bronboek/konseptualisering) en Onderwerp 2 (finale kunswerk) bepaal. Skole sal deur die provinsies oor datum, tyd en plek in kennis gestel word vir die inlewering van werk by eksamensentrums, waar van toepassing.
- Leerders se werk is nie ten opsigte van grootte beperk nie, maar dit moet 'n aansienlike groep kunswerke wees wat ten minste 12 uur, en nie meer as 24 uur se werk nie, verteenwoordig. Hou by die punttoekenning wanneer nagesien word.
- Die finale praktiese eksamen vir graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van leerders se kunsstudies deur die jaar.

RIGLYNE**ONDERWERP 1: Bronboek**

- Dit moet gedurende Kwartaal 3 by die skool en tuis voltooi word.
- Die onderwyser moet die vraestel uiteensit/verduidelik.
- Die onderwyser kan die leerders lei ten opsigte van hulle keuse van onderwerp, media en tegnieke in Onderwerp 2 gebruik, met inagneming van die spesifieke konteks van die skool.
- Die onderwyser moet die leerders aanmoedig om soveel moontlik verskillende interpretasies te ondersoek. Monitor en lei leerders sorgvuldig soos hulle die tema navors.
- Die bronboek bied insig in die manier waarop leerders idees gevorm het, hoeveel alternatiewe hulle ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Die bronboek moet alle denkprosesse wat tot die maak van kunswerke gelei het, duidelik oordra.
- Daar is geen beperkings op grootte nie en dit kan in enige vorm aangebied word.
- Dit is belangrik dat alle direkte kopiëring uit tydskrifte, die internet, ens. Verbied word. Direkte kopiëring van 'n visuele beeld wat nie die leerder se eie is nie, sal geenaliseer word. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.
- Die **transformasie**-proses van die bronmateriaal is uiters belangrik. Leerders kan egter geskikte beelde uit tydskrifte en ander bronne gebruik en dit met ander beelde kombineer om hul eie interpretasies te skep.
- Daar moet 'n duidelike verband tussen die finale kunswerk en die visuele/geskrewe inligting in die bronboek wees.
- Klem moet geplaas word op voorbereidende sketse, tekeninge, eksperimentering met tegnieke en materiaal wat in die finale werk gebruik gaan word.
- In die bronboek moet die leerder VISUEEL die 'storie' vertel van hoe die kunswerk BEPLAN, ONTWIKKEL en VERVAARDIG is. Dit moet met tekeninge, geskrewe gedeeltes, eksperimentering, ens. gedoen word.
- Die bronboek moet **individualiteit** en **kreatiwiteit** weerspieël.

Die volgende is 'n riglyn van items wat by die bronboek ingesluit kan word:

Plak die eksamenopdrag voor in die eksamenbronboek.
Voorstel/Idee, wat breinkaarte, dinkskrum, ens kan insluit.
Ondersoek, eksperimentering en navorsing van benaderings en/of idees, wat bronmateriaal, soos sketse, kan insluit. Tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en navorsing oor kunstenaars wat geïnspireer het. Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van die finale kunswerk en besluite motiveer.
Verpersoonlik en skep oorspronklike voorbereidende/komposisionele sketse en tekeninge op bronne gebaseer.
Prosestekeninge.
As die werk meer proses-gerig is, moet leerders bewyse van die kreatiewe proses insluit deur dokumentasie deur oorspronklike foto's, eksperimente en/of tekeninge en bygaande tekste.

ONDERWERP 2: Kunswerk

- Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die Visuele Kunste-onderwyser in die kunsklasruimte voltooi word.
- Al die materiaal benodig vir die eksamen moet in die eksamenlokaal ingebring word, maar GEEN eksamenwerk mag uit die klaskamer geneem word NIE. Dit word as 'n eksamenonreëlmatigheid beskou.
- Leerders mag die vraestel voor die begin van die eksamen met die Visuele Kunste-onderwyser bespreek, maar geen bespreking van werk mag tydens die eksamenperiode plaasvind nie.
- Die leerders moet EEN kunswerk in die praktiese dissipline wat hulle vir die jaar gekies het, produseer.
- Die finale kunswerk kan as 'n enkele stuk aangebied word, of moontlik in die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks werke wat as een werk gelees kan word.
- Daar is geen beperkings op grootte nie, maar die kunswerk moet hanteerbaar en duursaam wees ten opsigte van vervoer na die eksamensentrum, indien die provinsie dit vereis.
- Laat 'n verskeidenheid media, tegnieke, dissiplines en benaderings toe.
- Die leerders moet 'n gevorderde graad van tegniese vaardigheid toon met gebruik van 'n reeks materiaal en tegnieke wat gekies is.
- Daar is geen spesifieke voorskrifte oor die styl van die werk nie. Die leerder kan in die vorm van naturalisme, ekspressionisme, dekoratief, ens. werk.
- Leerders mag ook ander media inkorporeer om gemengdemedia-werk in enige van die praktiese dissiplines te skep.
- Kunswerke wat uit die kunsklas/skool vir gietwerk, bak van beelde, digitale druk van foto's, ens. verwyder word, moet noukeurig deur die kunsonderwyser gemonitor word, uitgeteken word wanneer dit verwyder word en ingeteken word wanneer dit na die kunsklas teruggeneem word.
- Die kunselemente en beginsels van kuns, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, proporsie en komposisie, is uiters belangrik.
- Kreatiwiteit en individualiteit moet beklemtoon word. Die kunswerk behoort 'n uitdrukking te wees van die kandidaat se belangstellings/konsepte en bekommernisse op die vlak van 'n 18- tot 19-jarige.
- 'n Suksesvolle kunswerk is 'n kombinasie van die idee en die uitvoering daarvan. Wees versigtig vir illustratiewe werk. Die estetiese eienskappe, 'varsheid 'en energie van die kunswerk moet beklemtoon word.
- Idee-ontwikkeling/Konsep-ontwikkeling en die uitvoering daarvan moet in alle digitale/multimedia-/nuwemedia-werk 'n belangrike rol speel. Wanneer nagesien word, moet die kandidaat se denkprosesse wat tot die finale uitvoering van die idee/konsep gelei het, visueel sigbaar wees.

ASSESSERINGSKRITERIA**ONDERWERP 1: BRONBOEK**

ASSESSERINGSKRITERIA	Dit sluit die volgende in:	Gewigs-toekenning
Konsep-ontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> Breinkaarte, sketse met byskrifte en tekeninge om konsep-ontwikkeling te toon 	25%
Navorsing, ondersoek, eksperimentering, ens.	Dit moet sommige of al die volgende insluit: <ul style="list-style-type: none"> Sketse, tekeninge, foto's, beelde, versamelde gedigte, lirieke en enige ander materiaal wat jou inspireer Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het Eksperimentering met media en/of verskillende tegnieke Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van jou werk en moet jou besluite ondersteun 	25%
Prosestekeninge	<ul style="list-style-type: none"> Minstens 30% moet tekeninge wees om jou konsep-ontwikkeling te verduidelik 	25%
Aanbieding en algehele voorkoms	<ul style="list-style-type: none"> Visueel interessant wat 'n persoonlike benadering toon Jou bronboek moet gemiddeld uit 8–10 bladsye bestaan 	25%
TOTAAL		50

ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK/PRAKTIES

ASSESSERINGSKRITERIA	Dit sluit die volgende in:	
Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke	<ul style="list-style-type: none"> Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep Veilig en hanteerbaar Tegniese vaardigheid 	
Gebruik van formele kunselemente	<ul style="list-style-type: none"> Die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie 	
Geheelindruk van werk: oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering	<ul style="list-style-type: none"> Ontwikkeling van nuwe en unieke oplossings 	
Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing	<ul style="list-style-type: none"> 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema Eksperimentering Probeer nuwe uitdagings 	
Voltooiing en aanbieding van kunswerk	<ul style="list-style-type: none"> Aandag aan besonderhede Taak in toegelate tyd voltooi Aanbieding volgens taak 	
TOTAAL		50

ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK

Hierdie beskrywende rubriek moet in **ALLE** praktiese assesserings (Bronboeke, Kunswerke en PAT-uitstalling) gebruik word om standaardisering te verseker.

Uitstaande	90–100	<ul style="list-style-type: none"> Die leerder het baie idees ontwikkel en ongewone kombinasies of veranderinge ondersoek voordat een finale idee gekies is; hou verband met vorige kennis; meesterlike probleemoplossingsvaardighede. Poging is veel meer as wat nodig was. Die 'WOW'-faktor is duidelik. Werke toon groot innovasie. Inhoudelike/Konseptuele rykdom van die werk is uitstekend. Die werk spreek in geheel van selfvertroue en is stemmingsvol; dit betrek die kyker met uitstekende visuele eienskappe. Uitstaande en oorspronklike visie. Buitengewone vermoë, ryk aan kreatiwiteit, insigryk, vloeiend, hoë vaardigheid, waarneming en kennis sterk uitgedruk, ondersteun deur oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings.
Uitstekend	80–89	<ul style="list-style-type: none"> Treffende impak; die meeste van bogenoemde; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend, afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik en oordink; 'n paar geringe foute sigbaar. Dikwels uitstekende tegniese vaardighede, maar nie so innoverend nie OF baie innoverend, maar 'n gebrek aan tegniese rykheid.
Baie goed	70–79	<ul style="list-style-type: none"> Goed georganiseerd, soos hierbo, maar gebrek aan 'sprankel' (minder oortuigend ten opsigte van verbeelding, kreatiwiteit en innovering); goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite met oorspronklike aanbieding gedoen; 'n paar duidelike teenstrydighede/tekortkominge. Goeie bewys van moeite en toewyding. Interessant/Innoverend/Kreatief, maar nie tegnies afgehandel nie. Tegnies goed, maar ontbreek konseptuele rykheid of andersom. Werk is dalk op kreatiewe vlak innoverend, maar gebrek aan tegniese vaardigheid.
Goed	60–69	<ul style="list-style-type: none"> Die werk toon 'n mate van oorspronklikheid; duidelike voorneme; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip, maar neig soms na 'n alledaagse en stereotipiese reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelike moeite met aanbieding gedoen; steurende/duidelike teenstrydighede. Goeie vlak van bevoegdheid.
Gemiddeld	50–59	<ul style="list-style-type: none"> Voldoende; voel meganies; afgelei of gekopieer; min insig. Verbeeldingloos; 'n paar visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie. Billike aanbieding; baie steurende teenstrydighede. Gemiddelde vlak van tegniese bevoegdheid. Moontlik beperkte betrokkenheid ten opsigte van tyd en moeite. Visuele beelde is uit ander bron gekopieer met min transformasie van beelde. Min bewyse dat iets ongewoon probeer is. Die omvang van die werk is beperk en/of herhalend.
Onder gemiddeld	40–49	<ul style="list-style-type: none"> Genoeg materiaal/werke om te slaag; nie logies gekonstrueer nie. Beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede en/of gebrek aan tyd aan taak bestee, kan hiertoe bydra. Min gebruik van visuele inligting; lomp of slordige aanbieding; het ondersteuning/motivering nodig om te slaag. Visuele beelde is uit ander bron gekopieer met baie min transformasie van beelde. Komposisie is swak en onontwikkel; geen bewyse van beplanning, of onvolledige beplanning nie.

Swak	30–39	<ul style="list-style-type: none"> • Net genoeg materiaal/werke om te slaag. • Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik. • Min moeite gedoen om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings nie. • Algemene gebrek aan toewyding; het ondersteuning/motivering nodig om te slaag • Onvoldoende tyd aan taak gewy. Standaard onder dit wat aanvaarbaar is. • Swak oplossings vir probleme; kunswerk is gekopieer en oppervlakkig. Geen bewyse van oorspronklike denke nie.
Baie swak Druip	20–29	<ul style="list-style-type: none"> • Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; min of irrelevante werk/visuele inligting. • Geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking. • Baie swak vaardigheidsvlak. • Projek is baie swak of onvoltooid. • Swak artistiese besluitneming. • Klasse is gemis en leerder het nie die werk ingehaal nie.
Onaanvaarbaar Druip	0–19	<ul style="list-style-type: none"> • Onsamehangend; irrelevant, baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede; geen toewyding/samewerking. • Werk onvoltooid. • Swak artistiese besluitneming/leerder het geen moeite gedoen nie. • Die meeste klasse is gemis en leerder het nie die werk ingehaal nie. • Onsamehangend: irrelevant, baie min of geen werk nie: gebrek aan selfs <u>beperkte</u> vaardighede wat toegepas word. Geen toegewydheid/samewerking nie.

Vraestel 2: Nasien en Moderering

- Nasien moet volgens die DBE-rubrieke deur 'n paneel (mede-onderwysers of aangestelde paneel) gedoen word.
- Alle leerders moet individueel gemodereer word, m.a.w. moderering van aangesig tot aangesig of aanlyn, om die proses, produkte en punte te verifieer. Hierdie moderering moet deur provinsiale beamptes en/of persone aangestel deur die provinsie, gedoen word.
- Die provinsiale onderwysdepartement bestuur hierdie proses.

HOOFSTUK 4: ALGEMENE VAKINLIGTING

4.1 Verduideliking van Terminologie

Visuele geletterdheid: Die eerste vlak van visuele geletterdheid is eenvoudige **kennis**: basiese identifisering van die onderwerp of elemente in 'n kunswerk. Alhoewel akkurate inligting belangrik is, is die **verstaan** van wat ons sien en die **begrip** van visuele verhoudings egter net so belangrik. Hierdie hoër vlak van visuele geletterdheidsvaardighede vereis kritiese denke.

Formele analise: 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele elemente in 'n kunswerk, soos lyn, kleur, komposisie, ens.

Visuele analise: Dit is nie net 'n formele analise nie, dit sluit ook styl, tegniek, kontekstuele invloede, betekenis en interpretasie in.

Die volgende is 'n paar van die sleutelkonsepte wat leerders moet verstaan en in kunswerke moet kan identifiseer en verduidelik.

- **Formele elemente van kuns:**
 - Lyn (verskillende eienskappe van lyne, kontoerlyne, ens.)
 - Fatsoen en vorm (positiewe en negatiewe vorms, organies en anorganies)
 - Tonale waardes (chiaroscuro)
 - Tekstuur (geïmpliseerde en tasbare teksture)
 - Kleur (kleurteorie, bv. primêre, sekondêre, komplementêre, tersiêre, monochromaties, koel en warm kleure en hul invloed op 'n kunswerk)
 - Ruimte (lyn- en ruimteperspektief)
 - Patroon
- **Ontwerpbeginsels** (soos eenheid, ritme, beweging, proporsie/verhouding, klem, kontras, ens.)
- **Komposisie en fokuspunt**
- **Verskillende kunswerkmedia** (olieverfskilderye, marmerbeeldhouwerke, ens.)
- **Tegnieke** (bv. ingewerkte/vermengde areas of definitiewe kwashale by 'n skildery, kerwing of modellering by 'n beeld)
- **Style** (soos naturalisme, ekspressionisme, stilering, simbolisme, abstrak)
- Frontaliteit, verwringing, vereenvoudiging, ens.
- Begrip van konsepte/idees, soos Westerse Kuns, Nie-Westerse Kuns, Inheemse Kuns, modernisme, postmodernisme, funksionalisme, propagandakuns, toe-eiening, ens.
- Konsepte/Idees/Ideologieë wat spesifiek met Suid-Afrikaanse geskiedenis en kuns verband hou, soos apartheid, weerstandskuns, die 'afgeskepte tradisie', ens.

(Raadpleeg woordelys in die goedgekeurde handboek en/of kunsboeke vir verduidelikings.)

4.2 Bronne

Handboek deur die Departement van Basiese Onderwys goedgekeur

- *Visuele Kunste Graad 12 Leerderboek*. Future Managers.

Vir 'n omvattende lys met relevante boeke en webtuistes, raadpleeg die Visuele Kunste-KABV-dokument.

Ander bronne

- Vir inhoud in Visuele Kunste (Onderwerp 3) in graad 12 fokus op Suid-Afrikaanse kuns. Onderwysers moet op die uitkyk wees vir uitstallings van gevestigde en opkomende kunstenaars by kunsmuseums en -galerye. Daar is dikwels boeke oor spesifieke kunstenaars en/of brosjures beskikbaar by hierdie uitstallings wat waardevolle hulpbronne vir onderrig is. Versamel ook resensies en artikels oor Suid-Afrikaanse kuns uit koerante en tydskrifte. *Art South Africa* en *Art Times* is twee gespesialiseerde tydskrifte oor Suid-Afrikaanse kuns.
- Gereelde, volgehoue besoeke aan, en besprekings oor, kontemporêre uitstallings word sterk aanbeveel. Dit is belangrik dat die leerder kunswerke eerstehands ervaar en leerders behoort gedurende die jaar ten minste een plaaslike uitstalling te besoek.
- Die klem moet op die visuele beelde wees om die interaksie tussen kuns en die gemeenskap te toon. Die toon van visuele beelde in die vorm van skyfies, PowerPoint-aanbiedings, groot fotostate, DVD's, ens. is noodsaaklik, en leerders moet by hierdie beelde in die klas betrokke raak.
- Die klem op visuele geletterdheid maak dit 'n dinamiese en interaktiewe vak. Leerders moet gelei word om aktief deel te neem deur middel van ondervraging, besprekings, debatte, speletjies en ander interaktiewe aktiwiteite. Gebruik visuele geletterdheid om leerders se praktiese werk te versterk.
- Gee aan leerders baie geleenthede om oor kuns te skryf, hul skryfvaardighede te ontwikkel en om kunsterminologie te gebruik. Dit hoef nie lang navorsingsopstelle te wees nie, maar kan korter, meer gereelde take wees (bv. verslag oor die kunswerke by 'n uitstalling gesien, 'n visuele analise van 'n ongesiene kunswerk(e), leerders se eie voorbeelde wat gebruik is om 'n saak/kwessie of tema te illustreer, werksblaai, maak van flikskaarte).
- Moedig leerders aan om kunsuitstallings en -galerye te besoek, resensies van uitstallings te lees en te versamel, kunsboeke te lees en daardeur te blaai en navorsing op die internet te doen.
- Onderwysers moet hul eie versameling projek-opdragte, naslaanboeke, katalogusse en tydskrifte, foto's, skyfies, DVD's, ens. ontwikkel en gebruik om waardevolle onderrig en leerondersteuningsmateriaal vir die praktiese vaardighede wat deur die KABV vereis word, te voorsien.
- Alle onderwysers word aangemoedig om hulpbronne in groepe of klusters te deel en te ontwikkel – sodoende word die werkslading en inligting gedeel.

HOOFSTUK 5: ALGEMENE RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER

5.1 Vraestel 1 (Onderwerp 3)

- Leer leerders hoe om 'n vraag te benader. Leerders moet die betekenis van die instruksiewoord verstaan, soos 'bespreek', 'vergelyk' of 'ontleed', en seker maak dat hulle hierdie instruksies volg.
- Leer leerders om die vrae aandagtig deur te lees om uit te vind wat die beperkinge is, byvoorbeeld of hulle twee spesifieke werke van 'n kunstenaar moet bespreek OF die werk van enige twee kunstenaars moet bespreek.
- Leer leerders om spesifiek te wees en nie persoonlike oordele te maak wat nie met redes geregverdig/gemotiveer kan word nie.
- Maak seker dat leerders die formele elemente en kunsbeginsels werklik ken en verstaan en weet hoe om dit toe te pas.
- Hulle moet die korrekte kunsterminologie gebruik.
- Met betrekking tot 'ongesiene' kunswerke waar hulle vaardighede van visuele geletterdheid moet gebruik:
 - Leerders moet die onderskrifte goed bestudeer – onderskrifte verskaf die naam van die kunstenaar, titel van die werk, datum en medium. Dit is leidrade om te gebruik.
 - Voorbeeld: die medium is belangrik – is dit 'n beeldhouwerk, skildery of tekening? Leerders gaan nie die agtergrond van 'n beeldhouwerk bespreek nie. As dit bv. 'n skildery is, kan hulle oor die styl, kwashale, ens. skryf.
 - Leerders moet sorgvuldig lees wat hulle moet bespreek en daaroor skryf – dit help nie om slegs kleur te bespreek en komposisie word geïgnoreer nie (afhangend van wat gevra word). Alhoewel die kolpunte dikwels gebruik word om leerders se antwoorde te lei, moet hulle op 'n holistiese manier antwoord.
 - Hulle moenie obskuur wees nie – 'n klein vertikale lyntjie in die agtergrond beeld nie krag en sterkte uit nie – konsentreer eerder op die hoofelemente.
 - Betekenis/Interpretasie – Leerders moet bedag wees op ongegronde stories wat nie met die werk verband hou nie. Die tema van die vraag is daar om hulle te help, bv. as dit oor geslagskwessies handel, moet hulle hul kennis van hierdie kwessie op die spesifieke werk toepas. Hulle moet ook bedag wees op 'preke' oor sosiale kwessies of godsdiens wat nie met die werk verband hou nie – vroue as slawe, ens.
 - Leerders moet let op die lengte van antwoorde. 'n Gids word in die vraestel verskaf, bv. 10 punte sal ten minste EEN bladsy skryfwerk wees.
- Inligting en kunswerke wat in een antwoord bespreek is, sal NIE gekrediteer word indien dit in ander antwoorde herhaal word NIE, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.
- Leerders moet die naam van die kunstenaar en die titel van elke kunswerk noem, waar van toepassing.
- Leerders moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWE beantwoord, waar van toepassing. Puntsgewyse antwoorde sal nie volpunte kry nie.
- Krediet sal vir deurdagte, kreatiewe en persoonlike antwoorde gegee word. Leerders moet streef na 'n ingeligte, persoonlike dialoog eerder as 'n 'akademiese uitstorting' van inligting wat uit aantekeninge geneem is.
- Leerders moet vorige vraestelle bestudeer.

5.2 Vraestel 2 (Onderwerp 1 en 2)

- Bestudeer die Riglyne in 3.2 oor Vraestel 2: Praktiese Eksamen sorgvuldig.
- Bestudeer vorige vraestelle

HOOFSTUK 6: SLOT

Dit word in die vooruitsig gestel dat hierdie Eksamenriglyne-dokument as 'n instrument sal dien om onderwysers te versterk en te bemagtig om geldige en betroubare assesseringsitems in al hul klaskameraktiwiteite op te stel.

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die Aangepaste KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.